



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

**RELIGIESTUDIES V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

- 1.1 1.1.1 Talmoed (2)
- 1.1.2 ekumenisme (2)
- 1.1.3 ateïsme (2)
- 1.1.4 halaal (2)
- 1.1.5 Theravada (2)

1.2 Beskryf kortliks die volgende begrippe in die konteks van godsdiens:**1.2.1 Doktrine**

- Die term 'doktrine' is 'n sinoniem vir onderrig.
- Die term doktrine het nie enige negatiewe konnotasie nie.
- Dit word ook as 'n godsdienstige lering beskou.
- Net soos onderwys, het doktrine nie noodwendig 'n negatiewe betekenis nie. (Enige 2 x 1) (2)

1.2.2 Ideologie

- Hierdie konsep word oor die algemeen gebruik as 'n plaasvervanger vir godsdiens.
- Voorbeelde is Fascisme, Marxisme, nasionalisme, ens.
- Ideologie is nie 'n godsdiens nie, dit het egter 'n taamlik duidelike kennis inhoud wat na aan leringe/leerbeginsels, gelowe/oortuigings of leerstellings is.
- Ideologie inspireer aanhangers met 'n entoesiasme wat baie soortgelyk aan godsdiens is. (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 Gelykenis

- 'n Gelykenis verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
- Dit is gewoonlik baie kort en bevat 'n definitiewe morele les.
- Dit bevat godsdienstige oortuigings/gelowe, idees, morele lesse en waarskuwings.
- Dit is gesetel in die kulturele en sosiale omgewing van die mense wat dit vertel/oordra. (Enige 2 x 1) (2)

1.2.4 Dogma

- Hierdie geloof het 'n dubbele betekenis, wat verband hou met die konteks inhoud van hierdie religie.
- Hierdie konsep verwys na 'n beginsel, leerstelling of stelsel van hierdie veral soos uiteengesit deur 'n kollektiewe godsdienstige gesag.
- Dogma het ook 'n bykomende konnotasie van kollektiewe godsdienstige gesag. (Enige 2 x 1) (2)

1.2.5 Vergelykbaarheid:

- Dit beteken twee of meer dinge kan met mekaar vergelyk word.
- Dit beteken nie dat hulle eenders/dieselfde is nie.
- Dinge kan vergelyk word en daar word kan bevind dat hulle verskillend is.
- Die ander betekenis kan wees dat dinge vergelyk kan word omdat hulle geskik is om vergelyk te word. (2)

1.3 Noem die twee vertakings van die Islamitiese geloof:

- Shi'a (2)
- Sunni (2)

1.4 Ubuntu

- Kom van die gesegde '*Umuntu ngumuntu ngabantu*' (terminologie in hierdie verband van ander tale word aanvaar).
- 'n Persoon is 'n persoon deur sy/haar verhoudings met ander mense.
- Hierdie begrip is die essensie van die leringe in die Afrika Tradisionele Godsdienste.
- Dit is 'n filosofie van gemeenskaplike gesindheid. (3 x 2) (6)

1.5 Kies die woorde wat nie pas nie uit elke groep van die woorde hieronder.

- 1.5.1 Darwin (2)
- 1.5.2 Bybel (2)
- 1.5.3 Modimo (2)
- 1.5.4 Kalief (Caliph) (2)
- 1.5.5 Baha'u'llah (2)

1.6 Kies 'n item uit KOLOM A wat by 'n woord/beskrywing in KOLOM B pas.

- 1.6.1 B (2)
- 1.6.2 E (2)
- 1.6.3 D (2)
- 1.6.4 A (2)
- 1.6.5 C (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Uniekheid van enige EEN godsdien:

Voorbeeld 1: Unieke eienskappe van Judaïsme

- Judaïsme is 'n monoteïstiese religie, terwyl meeste ander religieë van die tyd politeïsties was.
- God (Yaweh) is regverdig en werksaam in die natuurlike en sosiale orde.
- God word gesien as toegerus met menslike eienskappe – vader, koning, herder, asook toornig en veroordelend. God is liefhebbend.
- God het 'n verbod met die volk van Israel aangegaan.
- God het homself en sy Wet aan die Jode geopenbaar.
- God het die Jode uitverkies as draers van die besondere lig, sodat die wêreld die teenwoordigheid van hul God in hul geskiedenis kan sien.

Voorbeeld 2: Unieke eienskappe van die Afrika Tradisionele Religie

- Afrika-religie het geen stigter nie, maar die oudste is die leiers.
- Alle Afrika religieë glo in God as die skepper.
- God het al die wette en taboes oor hoe om in vrede te lewe, aan die eerste geslag mense gegee.
- Hulle glo ook aan voorouers en rituele.
- Voorouers is tussengangers tussen God en die lewendes.
- Voorouers is geestelik en alomteenwoordig.
- *Izangoma/amagqirha* het voorouerlike mag om die lewendes te genees.
- Die voorouers sorg vir die welsyn van die lewendes, hoofsaaklik deur bemiddeling van die oudstes wat rituele en waardes mondeling aan die jeug oordra.
- Talle Afrika religieë is stamgroep gebaseer.
- Daar is geen besondere dag vir aanbidding nie. Rituele as sodanig word as heilig beskou.
- Daar is geen geskrewe heilige teks nie, maar die fokus is op morele lering en rituele praktyk.
- Individualisme word ontmoedig, en die lewenswyse van die gemeenskap is die belangrikste aspek van ubuntu.

(10)

2.2 Geloof:

- Geloof word somtyds na verwys as 'n godsdien, byvoorbeeld die Islamitiese geloof.
- Geloof beskryf die aanvaarding van 'n stelling of lering; hierdie word as die waarheid beskou deur die aanhangers van die gelowe/oortuigings.
- Geloof kan ook as vertrouwe en selfvertroue beskryf word. (Enige relevante inligting.)

(4)

2.3 Lering:

- Lering beteken om inligting te gee of om kennis te deel om sodoende geloof in 'n religie te versterk.
- In godsdiens spesifiek, beteken dikwels om te leer of te onderrig deur stelselmatig inligting oor die onderwerp te gee. (4)

2.4 Die rol van gelykenisse in godsdienstige leringe speel

- Die filosofiese onderrig van hierdie gelykenis is dat elke persoon deel is van die goddelike. Niemand is werklik sleg nie – dit hang van jou persepsie af.
- Almal word geglo het die vermoë om goed te wees, so die koning het tot die gevolgtrekking dat almal goed is van binne en 'n kans gegee moet word.
- Die woord gelykenis verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
- 'n Gelykenis is gewoonlik baie kort en bevat 'n definitiewe morele les.
- Dit is baie soortgelyk aan 'n lering.
- Die hoofverskil tussen die twee woorde is dat gelykenisse 'n kunsvorm is, wat nie noodwendig die geval met leringe is nie. Die twee hou wel verband met mekaar.

LET WEL: Een voorbeeld van 'n gelykenis sal 2 punte tel. (12)

2.5 2.5.1 Rol van geloof: Islam as 'n voorbeeld

- In Islam is daar baie min ruimte vir variasie sover dit die sentrale leerstelling van die godsdiens betref.
- Behalwe Allah is daar geen ander God nie.
- Mohammed is sy profeet.
- Aan geeneen van hierdie twee pilare kan daar enigsins getwyfel word nie. (10)

2.5.2 Christenskap:

- Ortodokse Christenskap laat geen afwyking van die heilige geskifte toe nie.
- Daar is baie min ruimte vir verskillende interpretasies.
- Dié wat wel afwyk van die geloof, kan sekere sosiale gevolge ervaar.
- In die verlede het sommiges met hul lewens geboet. (10)

[50]

VRAAG 3**3.1 Gedragskode vir godsdienstige verdraagsaamheid**

- Alle kandidate is vry om enige godsdienste van hul keuse te kies en daaraan deel te neem.
- Bywoning van godsdienstige praktyke en byeenkomste is vrywillig en oop vir enigeen.
- Heilige dae van alle godsdienste sal dieselfde behandel word.
- Godsdienstige drag sal op spesiale heilige dae toegelaat word.

LET WEL: Enige geldige punt wat ooreenstem met die Grondwet van Suid-Afrika en wat godsdienstvryheid en -verdraagsaamheid bevorder, moet aanvaar word. (8)

3.2 Vergelyking van die sieninge oor godsdienstige vryheid

- Tydens die Apartheidsera is slegs die Christelike godsdienste as staatsgodsdienste aanvaar. / Christendom was die dominante godsdienste.
- Christelike Nasionale Onderwys was die staats onderwysbeleid.
- Staatsfondse is gebruik om die salarisse van slegs sekere Christenleraars te betaal.
- In 'n demokratiese Suid-Afrika geniet alle godsdienste gelyke status.
- Religiestudies is 'n NSS-vak wat verskillende godsdienste bestudeer.
- Dit het Bybelkunde en ander vakke wat slegs op een godsdienste fokus, vervang.
- Die vryheid van godsdienste is in ons Grondwet vervat.
- By alle staats- en amptelike openinge is gebede universeel of multigodsdienstig van aard.

LET WEL: Kandidate moet punte kry vir soortgelyke, geldige punte. (12)

3.3 Bespreek die rol/bydrae van enige EEN religieuse leier/organisasie bv.

- Die visie van 'n Wêreldkonferensie van Religie en Vrede het in die 19^{de} eeu 'n aanvang geneem toe 'n Wêreldparlement van Religieë in 1893 in Chicago gehou is.
- Religieuse leiers het twee konferensies in die VSA georganiseer.
- Die besluit wat in Kyoto geneem is om 'n inter-religieuse liggaam te stig.
- Die laaste konferensie in Kaapstad in 1999 het 7 000 mense gelok.
- Doen bemiddeling tussen vegtende groepe in lande soos Sierra Leone.
- Help met heropbou.
- Dit het 'n program om kinders in Afrika wat met HIV en Vigs geaffekteer is te help.
- Dit het 'n program om armoede en siekte aan te spreek. (10)

3.4 Die konsep *menseregte* met spesiale verwysing na godsdiens.

- Mense het die reg op lewe.
- Mense het die reg op menswaardigheid.
- Mense het die reg op skuiling/beskutting.
- Die wet diskrimineer nie teen enige mens gebaseer op ras of geloof nie.
- Voorbeeld in Christelike geloof: “Jy mag nie moord pleeg nie.” – Tien Gebooie.

(10)

3.5 Godsdienstige vryheid:

- Godsdienstige vryheid kan beskou word as die handeling om mense van 'n spesifieke gebied die geleentheid te gee/in staat te stel 'n godsdiens van hul eie keuse beoefen.
- Dit beteken vryheid van keuse met betrekking tot watter godsdiens/geloof aan te hang.
- Mense in 'n spesifieke land is vry om enige godsdiens op te neem.
- Dit beteken ook dat enigiemand, op enige plek, die vryheid het om te glo wat hulle wil oor God.
- Dit beteken ook dat mense vry is om aktief die godsdiens van hulle keuse te volg en te beoefen.

VOORBEELD: Die Suid-Afrikaanse Grondwet laat godsdienstige vryheid toe en verbied enige onregverdig diskriminasie op grond van godsdienstige oortuigings.

(10)
[50]

VRAAG 4**4.1 4.1.1 Voorbeeld en kort geskiedenis van die konflik****Voorbeeld A: Godsdienstige konflik in Ayodhya**

- Die Babri moskee was 500 jaar gelede in Ayodhya gebou.
- Hindoes hou nog altyd vol dat die moskee op die geboorteplek van Heer Rama gebou was.
- Die tempel was vernietig om die moskee te bou.
- Etlike argeologiese bewyse meen dat dit waar kan wees.
- In Desember 1992 het 'n paar Hindoes die moskee afgebreek.
- Die saak is aan die Hooggeregshof van Uttar Pradesh oorhandig.

Voorbeeld B: Die Darfoer-konflik

- Die Darfoer-konflik in Suid-Soedan het meer as 100 jaar gelede begin.
- Die hoofverdeeldheid/skeidings was etnies/stam en kultureel van aard.
- Godsdien was nie 'n radikale bron van verdeling nie.
- Die meeste mense in Darfoer is Sunni-Moslems, soos die regering van Kartoem.
- Daar is 'n paar Christene en ATR-volgelingen in die suide.
- Droogte het verhoogde kompetisie vir beperkte hulpbronne tot gevolg gehad en dit het tot konflik tussen die nomades en boere gelei.
- In 1983 was daar burgeroorlog toe die Moslem-regering probeer het om die Islamitiese wet in die suide af te dwing.
(Enige ander redelike scenario moet gekrediteer word.) (10)

4.1.2 Godsdienstige konflik in Ayodhya as voorbeeld

- Nadat die saak vir baie dekades in die hof gelê het, het die hooggeregshof in September 2010 uitspraak gelewer.
- Die hof het die eiendom onder dispuut in drie dele onderverdeel.
- Die verontregte partye was ongelukkig en die appêlsaak word in die Hooggeregshof van Indië aangehoor.

Darfoer-konflik as voorbeeld

- In 2005 het Suid-Afrika 'n vredesooreenkoms tussen die Noorde en die Suide bemiddel.
- Konflik het egter voortgeduur.
- In 2006, het President Omar Bashir die Verenigde Volke se betrokkenheid om die dispuut by te lê, teengestaan.
- Daar was harmonieuse betrekkinge met die Kartoem-regering. (6)

4.1.3 Voorbeeld A

- Baie beweer dat politieke leiers die godsdienstige sentimente gebruik het om hulle eie belange te bevorder.
- Hindoes en Moslems het vir baie dekades in dieselfde struktuur gebid.
- Die dispuut is op 'n volwasse wyse deur die mense van Ayodhya gehanteer.
- Toe nasionale politieke leiers en fundamentalistiese godsdienstige leiers by die dispuut aangesluit het, het die saak buite beheer geraak.
- Baie mense het hulle lewens in hierdie dispuut, wat deur vurige politieke en godsdienstige leiers gelei was, verloor.

Voorbeeld B

- Godsdien is nie 'n radikale bron van verdeling nie.
- Die meeste mense aan beide kante van die konflik is Sunni Moslems.
- Godsdien het 'n indirekte rol in die 1983-burgeroorlog gespeel.
- Godsdienste het 'n groot rol gespeel om te probeer help.
- Twee godsdienstige organisasies wat betrokke was, was die Islamitiese Verligtingsagentskap ('Islamic Relief Agency') en Die Katolieke Agentskap vir Oorsese Ontwikkeling.
- Hierdie hulp het die bou van klinieke en skole en die herstel van die infrastruktuur ingesluit.
- Die konflik het egter voortgegaan.

(10)

4.1.4 Opsomming van jou bevindings: Voorbeeld A

- Die houding van die mense teenoor die dispuut het aansienlik volwasse geword.
- Die laaste hofuitspraak is met akademiese insig/begrip ontvang.
- Geen geweld was gerapporteer nie.
- Godsdienstige en politieke leiers het onderneem om op 'n beheerste wyse op te tree en nie die mense se emosies op te sweep nie.
- Dít het vrede tot gevolg gehad.
- Die godsdienstige leiers het godsdien gebruik om eenheid te bewerkstellig.

Opsomming van jou bevindings: Voorbeeld B

- Die konflik was nie godsdienstig van aard nie.
- Dit was sosio-ekonomies van aard.
- Internasionale en godsdienstige liggame het beide 'n rol in die beëindiging van die konflik gespeel.
- Daar is nou 'n harmonieuse verhouding tussen die Noorde en die Suide.

(4)

4.2 4.2.1 Oorsaak van die onluste

- Moslems was ontsteld oor die spotprente van die profeet Mohammed van in 'n Deense koerant verskyn het.
- Hulle het dit as godslastering beskou.
- Hulle het Christene in Noord-Nigerië aangeval.
- Die aanvalle was weerwraak vir aanvalle deur Moslems op Christene in Noord-Nigerië.

LET WEL: Die vraag vra net een punt en hier moet die leerder met vier punte gekrediteer word al het hy net een punt genoem.

(4)

4.2.2 Moontlike gevolge van die onluste

- Daar kan verdere godsdienstige geweld plaasvind.
- Daar kan intergodsdienstige dialoog en probleemoplossing wees.
- Die polisie/staat kan blameer word dat hulle kant kies, wat tot verdere geweld sal lei.
- Godsdienstige leiers moet 'n beroep doen op hul volgelinge om kalm te bly.
- Die ekonomie van die land gaan negatief beïnvloed word.
- Dit sal lei tot deurlopende geweld of oorlog.
- Dan sal dit lei tot wetteloosheid.

(6)

4.2.3 Dink jy die artikel stel 'n gebalanseerde siening voor?

- Ja. Dit blameer nie een van die godsdienste of kies kant nie.
- Dit noem die oorsaak as die Deense spotprente.
- Dit is feitlik.

OF

- Nee, dit sê niks van die verband tussen die spotprente en die geweld nie.
- Dit impliseer dat Moslems die oproer begin het, maar is stil oor die rol van Christene in Noord-Nigerië.

(4)

4.2.4 **Bied die media oor die algemeen godsdienstige kwessies op 'n gebalanseerde, onpartydige wyse aan:**

- Ja, alle godsdienste word gelyke dekking gegee soos op SABC TV- en radioprogramme.
- Die groot godsdienste word roterend gedek.
- Die godsdienstige nalewing van alle godsdienste word dekking in die gedrukte media gegee, bv. *Post*, *Daily News*, ens. dek Diwali, Eid, Kersfees, Yom Kippur, ens.
- Dit word gedoen uit die oogpunt van gelowiges van daardie godsdiens.

OF

- Nee.
- Veral die Westerse media koppel aanvalle deur sekere individue aan spesifieke godsdienste.
- Die wat sogenaamd selfmoordbomaanvalle in besette gebiede uitvoer, word jihadiste genoem.
- Terwyl in berigte van 'terroriste'-aanvalle wat in die VSA deur VS-burgers gemaak word, nie godsdiens noem nie, bv. die onlangse aanval op die VS-inkomstekantore deur 'n ongelukkige belastingbetaler.

(6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150